LEIERSKAPSRETREAT VIR 4DE-JAAR TEOLOGIESE STUDENTE (UV)

Leierskap is ‘n oorweldigende onderwerp wat deur vele lense beskou kan word en reeds talryke teorieë die lig laat sien het. In sy boek, *Understanding Leadership*, beskryf Avery die oorhoofse ontwikkeling van leierskapsparadigma’s van Klassiek, Transaksioneel, Visionêr na Organies. Die praktiese teoloog, Richard Osmer, spoor ons aan om op die voetspoor van Christus in drie opbouende vlakke tot diensknegleiers te groei:

- Bekwame Leierskap… in nederigheid
- Transaksionele Leierskap… spreek diepste behoeftes aan
- Transformerende Leierskap… lei kultuurskuiwe

In sy boek, *In the Name of Jesus - Reflections on Christian Leadership*, verbind Henri Nouwen Jesus se versoeking in die woestyn (Matteus 4) en Petrus se hernude opdrag (Johannes 15). Na Bybestudie skryf een van die studente, Anika Sanders, in haar joernaal:

Na vanaand se Bybelstudie (die versoeking in die woestyn - Matteus 4:1-11), begryp ek die konsep van ‘n leier beter. Ek het aanvanklik gedink jy moet uitsonderlike dinge doen; die beste woorde hê en altyd reg staan vir aksie. Dit is alles tevergeefs, want ware Christelike leierskap skets ‘n heel ander prentjie. Om ‘n leier in ‘n Christelike gemeenskap te wees, beteken nie om uitsonderlike dinge te doen nie, maar soos Henri Nouwen sê: ‘Feed My Sheep’. Eenvoudige dinge het soms ‘n kragtige uitwerk. Dit gaan nie oor die beste woorde nie, maar die regte woorde op die regte tyd.

Eugene Peterson se artikel, *Tied to the Mast*, sluit by versoekings aan - hierdie keer versoeking wat leraars as leiers in die bediening teëkom. Volgens Peterson het ons twee wapens teen die velerlei versoekings om van ons oorspronklike roeping af te dwaal, naamlik Woord en Sakrament. In die besef dat ons tot leiers gevorm word in ‘n gebroke wêreld besaai met wrakstukke, sluit ons die Bybelstudie af met Lied 516:

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie,
al sou die wingerd sonder druiwe staan;
die graan verdor, die vrugtebome wegkwyn,
die beeste, kleinvee, alles hier vergaan -
nóg sal ek juig en bly wees in my God!

In teenstelling met hierdie belydenis, staan die rooigras te Menuha Retreat Sentrum heuphoogte en is die dam propvol… en ons dankbaar hieroor!

Foto’s vlnr: Adrie Els (skryf joernaal), Anika Sanders (pret in die veld), Cecil vd Merwe (skryf joernaal) en Christo du Plooy, Goliath Ponie en Anika Sanders onder die Kruis

Menuha se propvol dam

‘n Veldblom – die natuur sing lof!